Goverment Gazette no. 9689 12 April 1985

## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 806** **12 April 1985**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE FOUR (4) PROPERTIES SITUATED AT 82, 99, 128–130 AND 195–199 MAIN STREET, PAARL, INCLUSIVE OF THE HISTORIC BUILDINGS THEREON

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Pierre Cronjé, Deputy Minister of National Education, hereby declare the four (4) properties situated at 82, 99, 128–130 and 195–199 Main Street, Paarl, inclusive of the historic buildings thereon, to the national monuments.

*Description*

The four (4) properties, inclusive of the historic buildings thereon, described as follows:

(a) *82 Main Street, Paarl:*

Certain piece of land, partly redeemed quitrent land, partly freehold and partly paid-up quitrent land, situate in the Municipality and Division of Paarl, being the remainder of Erf 13168, Paarl, in extent seven hundred and eighteen (718) square metres.

Deed of Transfer 29031/1981, dated 10 July 1981.

(b) *99 Main Street, Paarl:*

Certain piece of redeemed quitrent land being Erf 2605, Paarl, situate in the Municipality and Division Paarl, in extent six hundred and ninety-seven (697) square metres.

Deed of Transfer 26363/1981, dated 24 June 1981.

(c) *128–130 Main Street, Paarl:*

The remainder of Erf 3585, Paarl, situate in the Municipality and Division of Paarl, in extent two thousand one hundred and ninety (2 190) square metres.

Deed of Transfer 531/1983, dated 6 January 1983.

(d) *195–199 Main Street, Paarl:*

Erf 2159, Paarl, situate in the Municipality and Division of Paarl, in extent five hundred and ninety-eight (598) square metres.

Deed of Transfer 20467/1983, dated 10 June 1983.

*Historical and architectural interest*

These properties form an integral part of the historical and architectural nucleus of Paarl. The houses on these erven, the majority of which date from the nineteenth century, are representative of the Georgian and the Victorian building styles. 10/2/1216.

P. CRONJÉ, Deputy Minister of National Education.

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 806** **12 April 1985**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE VIER (4) EIENDOMME GELEË TE HOOFSTRAAT 82, 99, 128–130 EN 195–199, PAARL, MET INBEGRIP VAN DIE HISTORIESE GEBOUE DAAROP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Pierre Cronjé, Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding, hierby die vier (4) eiendomme geleë te Hoofstraat 82, 99, 128–130 en 195–199, Paarl, met inbegrip van die historiese geboue daarop, tot nasionale gedenkwaardighede.

*Beskrywing*

Die vier (4) eiendomme, met inbegrip van die historiese geboue daarop, beskryf as volg:

(a) *Hoofstraat 82, Paarl:*

Sekere stuk grond, gedeeltelik afgeskafte erfpag; gedeeltelik eiendoms- en gedeeltelik vrygekoopte erfpaggrond, geleë in die munisipaliteit en afdeling Paarl, synde die restant van Erf 13168, Paarl, groot sewehonderd-en-agtien (718) vierkante meter.

Transportakte 29031/1981, gedateer 10 Julie 1981.

(b) *Hoofstraat 99, Paarl:*

Sekere stuk afgeskafte erfpaggrond synde Erf 2605, Paarl, geleë in die munisipaliteit en afdeling Paarl, groot seshonderd sewe-en-negentig (697) vierkante meter.

Transportakte 26363/1981, gedateer 24 Junie 1981.

(c) *Hoofstraat 128–130, Paarl:*

Die restant van Erf 3585, Paarl, geleë in die munisipaliteit en afdeling Paarl, groot tweeduisend eenhonderd-en-negentig (2 190) vierkante meter.

Transportakte 531/1983, gedateer 6 Januarie 1983.

(d) *Hoofstraat 195–199, Paarl:*

Erf 2159, Paarl, geleë in die munisipaliteit en afdeling Paarl, groot vyfhonderd agt-en-negentig (598) vierkante meter.

Transportakte 20467/1983, gedateer 10 Junie 1983.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie eiendomme vorm 'n integrerende deel van die historiese en argitektoniese kern van die Paarl. Die huise op die persele, waarvan die meerderheid uit die negentiende eeu dateer, is verteenwoordigend van die Georgiaanse en die Victoriaanse boustyl. 10/2/1216.

P. CRONJÉ, Adjunk-minister van Nasionale Opvoeding.